HOËRSKOOL BERGVLIET

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 9 **TAAK 8 LETTERKUNDE TOETS** **TYD: 1 UUR**
AUGUSTUS 2024 **TOTAAL: 30**
EKSAMINATRISE: B. JACOBS **MODERATOR: VAKSPAN**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings.

AFDELING A: VRAAG 1 GEDIG	**[10]**
AFDELING B: VRAAG 2 VOLKSVERHAAL	**[10]**
AFDELING C: VRAAG 3 DRAMA	**[10]**

2. Beantwoord **AL** die vrae.
3. Lees die instruksies by **AL** die vrae.
4. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.
5. Trek ‘n streep na elke afdeling.
6. Nommer jou antwoorde **PRESIES** soos die vrae genommer is.
7. Skryf **NETJIES** en **LEESBAAR**.

Hierdie vraestel bestaan uit **4 bladsye**.

AFDELING A: GEDIG

VRAAG 1: WERKENDE VROU


Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:

WERKENDE VROU — *Eveleen Castelyn*

ek het die son gegroet,
my huis, my man,
die lug se voëls;
my kind getroos:
toe maar Mammie sal nou-
nou weer kom;

met my koplamp
en ’n toebroodjieblik
vir ’n dagskof afgedaal
In die skag

en toe ek na halfvyf
weer uit die hysbak klim
was my kind al groot
my man was grys
en die swaels het reeds
vertrek met die jaar se
somervlug



1.1 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin te voltooi.

Die vrou troos haar kind omdat hy/sy (**gelukkig/ongelukkig**) is dat sy die huis verlaat. (1)

1.2 Watter tipe spreker kry ons in hierdie gedig? (1)

1.3 Wat eet mynwerkers gewoonlik? Kies die korrekte antwoord.

A pizza
B toebroodjies
C koek
D hamburgers (1)

1.4 Haal **EEN** woord uit strofe 2 aan wat sê dat die vrou nie snags werk nie. (1)

1.5 Waarom benodig mynwerkers koplampe? (1)

1.6 Mynwerkers gebruik ’n skag om op en af in die myne te beweeg.

Wat gebruik die vrou by haar werk om in die gebou op en af te beweeg? (1)

1.7 Hoe weet jy dat winter op pad is? (1)

1.8 Watter nadeel het die vrou se werk op haar gesin gehad? Noem **TWEE** dinge. (2)

1.9 Hoe sou jy voel, as jou ma vroeg uit die huis uit moes gaan en weer laat by die huis aankom? (1)

TOTAAL AFDELING A: 10

AFDELING B: VOLKSVERHAAL

VRAAG 2: ANTJIE SOMERS

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Toe Andries sy oë uitvee, bly een van die skoorsoekers op die grond lê nadat hy geval en sy kop teen ‘n klip gekap het.

Andries besef hy is in die moeilikheid en laat spaander. By die huis trek hy ‘n rok van sy suster aan en trek een van haar kopdoeke op.

Hy het net genoeg tyd om ‘n paar besittings in ‘n kombers toe te rol en op die vlug te slaan.

2.1 Vul die ontbrekende woord in om die sin te voltooi.

Andries het teen die skoorsoekers **…** om homself te verdedig? (1)

2.2 Verduidelik hoe Andries homself vermom het. (1)

2.3 Hoekom het Andries na die insident gevlug? (1)

2.4 Waar het Andries skuiling gaan soek? (1)

2.5 Andries het op verskillende plase gewerk. Watter soort boerdery het op hierdie plase plaasgevind? Noem **TWEE**. (2)

2.6 Hoekom, dink jy, was Andries se vermomming as vrou nooit oortuigend nie? Noem **TWEE**. (2)

2.7 Noem **EEN** positiewe karaktereienskap van Andries. (1)

2.8 Wat, dink jy, het van Antjie Somers geword? (1)

TOTAAL AFDELING B: 10



AFDELING C: DRAMA

VRAAG 3: DIE HALSSNOER

Lees die onderstaande aanhaling en beantwoord die vrae wat volg:

Sholeen:	Danny wat gaan aan?
Danny:	Nee, Meneer, ek het beslis nie hierdie halssnoer gesteel nie. Ek ... ek...
Meneer Solly:	Danny, die waarheid is dat hierdie halssnoer van my winkel af kom. Dit is 'n kosbare stuk, antiek en uniek. Dit is baie geld werd.
Danny:	Van Meneer se winkel? Maar-
Maria:	Daardie stuk juweliersware is gesteel, Danny!
Danny:	Ek … Maar …
Sholeen:	Danny? Jy het gesê dat dit van jou ouma af kom. Dat sy die halssnoer aan jou in haar testament bemaak het. Dat … dat … (*Sy begin weer te huil*.)

3.1 Wie het graag vir oom Solly in sy winkel besoek? (1)

3.2 Wat het Maria gedoen wat bewys dat sy en oom Solly goeie maats is? (1)

3.3 Waarom, dink jy, het Maria vir Sholeen oor die gesteelde halssnoer konfronteer? (1)

3.4 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin te voltooi.

Aan die einde van die drama leer ken ons oom Solly as iemand (wat nooit vergewe nie/wat mense 'n tweede kans gee.) (1)

3.5 Plaas jouself in Sholeen se skoene.
Sou jy nog met Danny wou wees nadat jy oor die halssnoer uitgevind het?

Antwoord **JA** of **NEE**. Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

3.6 Skryf die **KORREKTE VOLGORDE** van die gebeure in die drama neer, soos oom Solly dit ervaar het.

- Hy het na Danny se huis gegaan.
- Iemand het sy kosbare halssnoer gesteel.
- Danny het na die juwele kom kyk.
- Danny het by hom werk gesoek. (4)

3.7 Watter les het Danny aan die einde van die drama geleer? (1)

TAAL AFDELING C: 10
TOTAAL: 30